

29 November Romeine 6:1-14; NGB 34; (Teks: 6:3,4)

Doop: versekering van 'n nuwe lewe deur Jesus Christus

Paulus wys ons op die ryke betekenis van die doop. Saam met Christus is ons tot 'n nuwe lewe opgewek. Die doop is die bevestiging hiervan.

Jou doop was en is een van die betekenisvolste gebeure waarby jy in jou lewe nog betrokke was. Op hierdie vreugdevolle dag in jou lewe, of jy nou 'n baba of 'n grootmens was, is jou naam in een volsin saam met die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees genoem.

Deur die doop is ons saam met Christus begrawe, maar het ons ook saam met Hom opgestaan. Ons weet dit deur die uitwendige teken van die doop. Soos wat die water reinigend gebruik word om die vuilheid van die liggaam af te was, so is die doop die simbool van hoe Christus se bloed die onreinheid van ons siele af was. Ons is lewend vir God.

"Of weet julle nie wie in Christus Jesus gedoop is, is in sy dood gedoop nie." Dit beteken om in persoonlike kontak met Jesus te kom. Deur die doop in Christus Jesus se dood word ons gedring om intens te kyk na Jesus se dood. So intens dat ons die heerlike betekenis vir ons lewens daarin raaksien.

Die betekenis van die doop lê in die twee weldade wat deur die heilige doop bevestig word, waarvan ons die afbeelding sien:

- Ons lei 'n nuwe lewe in Jesus Christus deur die krag van die Heilige Gees.
- Deur genade is ons gedoop, geheilig, afgesonder in Jesus Christus om ons lewe toe te wy in gehoorsaamheid aan God.

Deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader is Christus opgewek. Die doop is die sakrament wat ons sigbaar verseker van die afwassing van ons sonde deur die bloed van Jesus Christus, van 'n nuwe lewe, afgesonder vir God.

Sing: Skrifberyming 14:1, 2

Ds. G.S. Kruger (Aliwal-Noord)